## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 18 APRIL 2023 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |
| Rdl. AJ Du Plooy | [DA] | | Voorsitter: MPAC (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste *(sluit aan om 11:21)* |
| Mnr. R Stander | : | Bestuurder: PMU en Boubeheer *(sluit aan om 11:21)* |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. D Boumeester | : | Menslike Hulpbron Beampte: Opleiding & Ontwikkeling |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/04/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy die vergadering open met gebed.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die Speaker siek tuis is en virtueel ingeskakel sal wees by die vergadering.

***

**BKN002/04/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste - siekverlof (enkel gebreek)

***

**BKN003/04/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/04/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN005/04/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**

Geen

***

**BKN006/04/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/04/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester rakende die gedetailleerde "Loss Control Register" verslag meld die Interne Ouditeur dat die verslag by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Dinsdag 25 April 2023, voorgelê sal word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die mandaat ten opsigte van die MATUSA-saak.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/04/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste op Maandag 17 April 2023 sy verjaarsdag gevier het en wens sy hom ‘n geseënde jaar toe.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste op Maandag 17 April 2023 sy verjaarsdag gevier het en wens hy hom geluk en seëninge toe met sy verjaarsdag;
- Dat indien daar enige lid van die publiek sy verjaarsdag gevier het, wens hy hulle geluk, seënwense en sterkte toe met die verjaarsdae;
- Dat indien daar gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale Area wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes;
- Dat Raadslid Moolman foto’s gestuur het van die projek in Velddrif en die probleme wat ervaar word;
- Dat vullisverwydering en herwinning in die Bergrivier Munisipale Area problematies is;
- Dat die spandering van kapitaalprojekte aandag moet geniet;
- Dat daar toegesien moet word dat Senior Bestuur toekomstige jaarlikse publieke deelname vergaderings moet bywoon om die gemeenskap se probleme te hoor;
- Dat daar gelet moet word op die netheid van die dorpe in die Bergrivier Munisipale Area; en
- Dat die publiek se kwessies en klagtes ten alle tye aangespreek moet word.

***

**BKN009/04/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/04/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/04/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: LONG TERM LEASE AGREEMENTS: BOKKOMLAAN VISHUISE ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**7/1/3/2; V.486**
***(Die beleid word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the full item be referred to the Executive Mayoral Committee, scheduled for Tuesday 25 April 2023, subject to Corporate Services submitting the item to the Manager: Administration and Legal Support Services to give a legal opinion regarding Vishuis No 9;
2. That subletting be allowed up to 30 June 2025; and
3. That future similar agreements be forwarded to the Manager: Administration and Legal Support Services for input and comment before they are presented to Council.

***MANAGER: PLANNING & ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

***(Die Stadsbeplanner: Wes verlaat die vergadering om 10:58)***

**BKN012/04/2023**
**<u>MFMA SECTION 116(3) – PROPOSAL TO RENEW THE CONTOUR TECHNOLOGY (PTY) LTD (PREPAID VENDING SYSTEM) CONTRACT AT THE SOLE DISCRETION OF THE MUNICIPALITY FOR A THREE-YEAR PERIOD, EFFECTIVE FROM 01 JULY 2023 TO 30 JUNE 2026</u>**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

***(Die Bestuurder Inkomste sluit om 11:21 by die vergadering aan).***

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommernis uit rakende die versoeke vir die verlening van kontrakte vir diensverskaffers wat voorgelê word voordat dit verval en dit gevolglik die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad nie genoegsame tyd gun om ‘n ingeligte besluit te neem nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die oorgangsproses, tydperk van die verlenging van die kontrak en die kommunikasie aan die publiek.

***(Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 11:30 en die Speaker ondervind konneksie en netwerkprobleme gedurende die vergadering).***

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Finansiële Dienste om die nodige wysigings aan die verslag aan te bring en die gewysigde verslag voorgelê moet word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad soos geskeduleer vir Dinsdag 25 April 2022.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

***(Die Bestuurder Inkomste verlaat die vergadering om 11:46).***

**BKN013/04/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 APRIL 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN014/04/2023**
**MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT (MIG): MIG PROJECTS FOR 2022/23, 2023/24 AND 2023/25**
**5/1/1; 5/9/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: PMU en Boubeheer.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy bekommernis uit rakende die stormwater projek in Piketberg en Porterville, asook die Verkeerskantoor in Piketberg wat nie kan funksioneer gedurende beurtkrag nie (geen kragopwekker). Hy versoek dat 'n proses ontwikkel moet word ten einde van 'n bespreking te hê rakende die lys van die IDP-projekte wat na MIG verwys moet word vir befondsing.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na 'n breër lys van tegniese verslae en 'n geprioritiseerde lys van MIG-projekte.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die moontlikheid ondersoek word om 'n versoek te rig aan die Wes-Kaapse MIG-bestuurder, mnr. J Abrahams, om die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toe te spreek rakende MIG-projekte.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys ten einde Piketberg en Porterville se pypsvervanging deel te maak van die 2023/24 MIG projekte se finansiële jaar.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN015/04/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 04 APRIL 2023**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, gee kortliks terugvoer ten opsigte van behuising.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat kommunikasie vanaf Provinsie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gerapporteer moet word en dat daar 'n "shortfall" is by interne dienste maar dat dit gemonitor word.

**BESLUIT**

1. Dat die status quo en funksie verdeling van die Behuisingsprojekte maandeliks by die staande komitees van Tegniese Dienste en Gemeenskapsdienste gerapporteer moet word en daarna verwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir moniteringsdoeleindes;

   ***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE & DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

2. Dat die notules van die interne tegniese vergaderings en die Koördineringsvergadering met Provinsie by die staande komitees van Tegniese Dienste en Gemeenskapsdienste moet dien en dit daarna verwys

   ***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE & DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir moniteringsdoeleindes; en

3. Dat 'n volledige projekteplan / vorderingsverslag rakende die behuisingsprojekte vir Bergrivier area voorgelê word ten einde die tydlyne deur te gee vir die spandering van die fondse soos verkry vanaf Provinsie.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN016/04/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENTS: FEBRUARY 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for February 2023.

***

**BKN017/04/2023**
**<u>MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: FEBRUARY 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council take note of the February 2023 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**BKN018/04/2023**
**<u>APPROVAL OF WORKPLACE SKILLS PLAN</u>**
**4/4/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

<u>Die volgende kwessies word uitgewys:</u>

- Dat die Menslike Hulpbron afdeling in samewerking met die onderskeie Direktorate 'n behoeftebepaling doen in hul direktorate om die bemagtiging van interne werknemers se behoeftes te bepaal, identifiseer en hul bemagtig om te kwalifiseer vir hoër/senior posisies; en
- Dat die Portefeulje Voorsitters in samewerking met die onderskeie Direkteure insette en kommentaar voorsien aan die Menslike Hulpbron Beampte: Opleiding & Ontwikkeling ten einde dit deel te maak van die 2023/2024 "Workplace Skills Plan" en dit dan voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 25 April 2023.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee refer the 2022/2023 Annual Training Report and 2023/2024 Workplace Skills Plan to the next Executive Mayoral Committee Meeting scheduled for Tuesday 25 April 2023.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN019/04/2023**
**NEW MUNICIPAL BUILDINGS FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**7/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Die Speaker en Uitvoerende Burgemeester spreek hul frustrasie uit rakende die uiteensetting van die volledige beplanning en kostebepaling vir addisionele munisipale kantoorgeboue vir Piketberg, Porterville en Velddrif.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na 'n gebrek aan kantoorspasie vir die voltydse Raadslede asook 'n behoeftebepaling wat gedoen moet word om te verseker dat alle Direktorate se aanstellings 'n kantoor het om dienslewering te laat geskied.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Direkteur Tegniese Dienste ten einde om 'n gedetailleerde studie te doen van die volledige beplanning en kostebepaling vir addisionele munisipale kantoorgeboue (hetsy vir uitbreiding of 'n nuwe gebou) vir Piketberg, Porterville en Velddrif; en
2. Dat die Direkteur: Tegniese Dienste die hoeveelheid fondse wat beskikbaar gestel is vir die projek deurgee aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN020/04/2023**
**TEGNIESE DIENSTE: SESDE STAANDE ITEM: MAANDVERSLAE: VELDDRIF, PIKETBERG, AURORA, PORTERVILLE, EENDEKUIL EN REDELINGHUYS: FEBRUARIE 2023**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die personeel krisis binne die Tegniese Dienste direktoraat, en die ernstige uitdagings ten opsigte van werwing, opleiding en begroting asook die riskos en wetlike implikasies wat daarmee gepaard gaan wat dringende aandag moet geniet.

***

**BKN021/04/2023**
**WINTER GEBEURLIKHEIDSPLAN 2023**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in en meld dat Gemeenskapsdienste in samewerking van Tegniese Dienste die nodige aanpassings doen om die sandsakke in te sluit by die SOP.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Winter Gebeurlikheidsplan 2023 goedkeur as deel van Bergrivier Munisipaliteit se Rampbestuursplan; en
2. Dat die gebeurlikheidsplan uitgerol word na die Formele Direksie- en Dienslewering vergadering vir bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN022/04/2023**
**<u>AMENDMENT TO THE HALLS POLICY</u>**
**17/7/5/B**

Die Voorsitter lei die item in en spreek sy bekommernis uit rakende Bergrivier Munisipaliteit se fasiliteite wat nie gestremdheidsvriendelik is nie en versoek dat Direksie ondersoek instel om die nodige aanpassings aan die onderskeie fasiliteite te bring ten einde te verseker dat dit gestremdheidsvriendelik is.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RESOLVED</u>**

The attached Halls Policy as amended and attached hereto as Annexure A be approved.

**DIRECTOR COMMUNITY SERVICES**

***

**BKN023/04/2023**
**<u>DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE – ALGEMENE OPERASIONELE KWESSIES</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Gemeenskapsdienste Komitee versoek dat die kontrakte van die permanente inwoners van die Strandoorde deur die Direksie en Uitvoerende Burgemeesterskomitee noukeurig deurgewerk word. Dat gelet word na die finansiële bydraes en of dit genoegsaam is om koste vir dienste te dek;
2. Dat die amptenare van Bergrivier Munisipaliteit die opsie kry om die Strandoorde te gebruik teen afslag van 50% ten einde inkomste te genereer vir die Strandoorde en te help met die verlies;
3. Dat ŉ vergadering plaasvind met Weskus Distriksmunisipaliteit met betrekking tot Brandweer; en
4. Dat die verantwoordelikheid indien alarms geaktiveer word vir die geboue van Bergrivier Munisipaliteit verskuif word na Wetstoepassing. ŉ Wetstoepassingsbeampte moet uitkom indien alarm afgaan om ondersoek in te stel vir die rede vir afgaan van die alarm.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN024/04/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 04 APRIL 2023</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN025/04/2023**
**MOTIONS / QUESTIONS: ECONOMIC DEVELOPMENT COMMITTEE MEETING: THURSDAY 06 APRIL 2023**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in en meld dat 'n regstelling aangebring moet word in die besluit.

**RECOMMENDED: TO BE CONSIDERED BY THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE**

That the Executive Mayoral Committee request the Bergrivier Tourism Organisation (BTO) to bring Bergrivier municipal resorts to the forefront of their marketing campaign since Bergrivier Municipality is one of BTO's largest financial contributors.

**MANAGER: STRATEGIC SERVICES**

***

**BKN026/04/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 06 APRIL 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN027/04/2023**
**ANNUAL TRAINING REPORT 2022/2023**
**4/4/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee approves the Annual Training Report for the 2022/2023 financial year.

***

**BKN028/04/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 APRIL 2023**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Korporatiewe Dienste moet toesien dat die items van onderskeie Direktorate vir oorweging en goedkeuring aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad bymekaar groepeer word.

***BESTUURDER ADMINISTRASIE EN REGS-ONDERSTEUNINGS-DIENSTE***

***

**BKN029/04/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN030/04/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN031/04/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**
**5/15/2**

Geen

***

**BKN032/04/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN033/04/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN034/04/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***